Agtergrond:
Jesus en sy dissipels bevind hulle in die omgewing van Gennesaret (naby Kapernaum) aan die noord-westekant van die See van Galilea. In die eerste deel van Matteus 15 praat Jesus met ‘n klompie besorgde Joodse leiers – Fariseërs en skrifkenners – wat van Jerusalem af gekom het om aan hom ‘n vraag te stel. Hulle wil weet hoekom sy dissipels die gebruike van hul voorouers verontagsaam en nie hulle hande voor ete was nie. Ná ‘n intense gesprek (15:2-20) is Jesus se opsomming dat hulle álmal – sy dissipels inkluis! – blinde leiers is, dat hulle harte ver van God af is, en dat hulle nie verstaan wat Hy vir hulle wil leer nie. Hy sê prontuit vir hulle dat dit die gedagtes is wat uit ‘n mens se hart kom, en die woorde uit jou mond wat jou onrein maak, en nie (in die eerste plek) wat en hoe jy eet nie. Hierná vertrek Jesus en sy dissipels na die hawedorpe Tirus en Sidon noordwes van Galilea, in die nie-Joodse landstreek Siro-Fenisië, vroeër bekend as Kanaän (waar Lebanon vandag is). Volgens die oorspronklike weergawe van dié verhaal in Markus 7:24-30, gaan Jesus na hierdie gebied vir ‘n tyd van afsondering, waarskynlik om hom voor te berei om met sy dissipels oor sy lyding en naderende dood te praat.

Belangrike merkers in die verhaal wat ons help om die verhaal te lees:
Volgens Matteus word Jesus se besoek skielik – “onverwags” sê die 83-vertaling – onderbreek as ‘n hoogs ontstelde vrou by hom aankom. Haar naam word nie genoem nie – slegs dat sy ‘n Kanaänitiese vrou was wat in daardie omgewing gewoon het. Markus sê dat sy ‘n Griek was – dalk die vrou van ‘n handelaar – wat in Siro-Fenisië gebore is. Dat Matteus haar spesifiek ‘n Kanaänitiese vrou noem, is veelseggend. Vir die Jode was die Kanaäniete godsdienstig onrein – en

daarom (volgens hulle) uitgesluit van die beloftes en seën van God se verbond met Israel.

Hoe kondig hierdie vrou haarself aan? V 22 en 23 sê sy het hard uitgeroep en aangehou pleit: Ontferm U oor my, Here, Seun van Dawid! My dogter is in die mag van ‘n duiwel, en dit gaan sleg. (Mk sê spesifiek dat die dogtertjie van ‘n onrein gees besete was – wat die klem op onreinheid in die gedeelte versterk.) Dis verrassend dat hierdie nie-Joodse vrou Jesus drie maal “Here” noem, en boonop die erkende Messias-titel Seun van Dawid gebruik. Of dit bloot uit respek vir die gesag en genesingskrag van hierdie Joodse man uit die platteland van Galilea was (as ‘n soort magiese term wat in daardie omgewing op enige wonderwerker van toepassing kon wees), is nie duidelik nie. Feit is dat sy iewers gehoor het dat Jesus die groot Barmhartige is wat hom oor mense in nood ontferm. In die Mediterreense wêreld van daardie tyd was duiwel-besetenheid gesien as ‘n simptoom van die werking van kosmiese magte buite menslike beheer. En dít was hierdie vrou se krisis – dat sy eenvoudig magteloos was voor haar kind se siekte. Máár, sy weier om passief en hulpeloos te berus – al moet sy as Kanaänitiese/ Griekse vrou, en waarskynlik as alleenvrou (die teks sê nie of sy ‘n man, pa of seun gehad het nie), die uiters ongewone ding doen om ‘n Joodse man om hulp te vra. Vir haar is daar net té veel op die spel, en sy skreeu aanhoudend om hulp.

Asof die openingstoneel nie dramaties genoeg is nie, word die situasie erger soos die verhaal ontvou. Hoe reageer **Jesus** op haar gepleit? Vers 23 sê: Hy het haar egter glad nie geantwoord nie. Jesus se eerste reaksie is om stil te bly, haar te ignoreer… En hoe reageer sy **dissipels**? Soos in die geval van die honger skare (Mat 14:15) en die kindertjies wat na Jesus gebring was (Mat 19:13-15), het hulle net een oplossing: Stuur haar weg! Sy’s ‘n lastige irritasie en verleentheid. Sy’s immers ‘n nie-Jood, en boonop ‘n vrou – sy hoort nie in hierdie geselskap nie!

Dan gebeur daar ‘n wonder. Jesus steur hom nié aan die dissipels se versoek nie – Hy stuur haar nié weg nie, maar draai na haar toe. Vers 24 sê Hy praat met haar, Hy antwoord haar. ‘n Joodse man práát met ‘n Kanaänitiese vrou! En Hy laat haar toe om met hóm te praat. Ongehoord in daardie konteks! Minagting van die oorgelewerde gebruike. Nou gaan Jesus darem té ver…

Maar wát sê Hy vir haar? “Jy’s reg – Ek ís die Gestuurde, die Messias, die Here, die Seun van Dawid, maar – jammer vir jou! – Ek is dit nét vir die

verlore skape van Israel." Vreemd, nie waar nie – hoe kon Jesus so reageer ná Hy hom pas in die vorige gedeelte van die Joodse oorgelewerde gebruike gedistansieer het? Hoe kon Hy tog die vrou se hoop so verpletter? Hoeveel moed moes dit haar nie gekos het om alle moontlike sosiale en godsdienstige grense deur te breek en tot hier te kom nie? En hoe reageer **sý** op Jesus se skynbare afsydigheid? Vers 25 sê: Sy het egter nader gekom, voor hom neergeval en gesê: Here, help my! Sy laat haar nie afsit nie. Hoe meer onmoontlik haar saak lyk, hoe meer weier sy om op te gee! Sy kom eenvoudig nader en val voor Jesus se voete neer, met 'n enkele noodkreet: Here, help! Die nood van haar kind dryf haar, sy is desperaat. Haar woorde raak min en al meer op die punt af. (Dit werk mos dikwels so, nie waar nie? Hoe groter die nood, hoe korter die gebed.) En dán volg Jesus se nóg meer verbysterende antwoord in v26: "Dit is nie mooi om die kinders se brood te neem en vir die hondjies te gooi nie." Volgens Mk sê Hy vir haar: "Wag dat die kinders eers klaar eet…" (wat dalk 'n bietjie meer hoopvol kon klink). En erger nog, klink dit of Hy in haar gesig sê: Jy's nie werd om die brood van die kinders te deel nie. (Ons het gesien dat die Kanaäniete – en so ook die Grieke – vir die Jode seremoni-eel onrein was, soos "honde" – vgl Mat 7:6; Flp 3:2; 2 Pt 2:22; Openb 22:15

"Dis waar, Here," sê sy in v27, "en tóg eet die hondjies van die krummels wat van hulle eienaars se tafel val." Dis asof sy wil sê: "Juis, ek hét geen reg bo die kinders (van Israel) nie. As 'n afhanklike hondjie is ek nét op u guns aangewys. Ek het niks en niemand om op te steun nie – selfs die krummels wat van u tafel afval, sal vir my genoeg wees! Kinders en honde leef immers uit dieselfde hand van hulle pa en eienaar…"

En dan gebeur daar 'n onbeskryflike wonder. In plaas daarvan dat Jesus reageer met: "Vrou, wie dink jy is jy om so met God te redeneer? Besef jy nie met wie jy praat nie?", vertolk Hy haar waagmoed en volharding as egte geloof. "O vrou, groot is jou geloof. Laat dit vir jou wees soos jy wil hê" (2020-vert). En van daardie oomblik af was haar dogter gesond.

Samevattend

Die mooi uitnodiging in die verhaal van Jesus is dat ook Jesus vir ons kom wys wat groei en verandering beteken en hoe dit kan lyk en gebeur en hoe ons onsself kan oopstel vir die stem van die ander in ons samelewing wat ons dikwels miskyk. Hy wys vir ons hoe medelye kan groei en posvat in ons en hoe ons kan groei in 'n meer en groter insluitende liefde

Dit is betekenisvol dat die episode van die Kanaänitiese vrou tussen

twee broodvermeerderings plaas-vind. In beide gevalle voed Jesus duisende mense, en bly daar nog stukke oor – ‘n teken van sy deernis en sorg aan uitgeputte mense. En dan, in die volgende hoofstukke, kondig Hy drie maal sy dood en opstanding aan, en word Hy sélf brood wat lewe gee aan alles en almal.

Haar storie oortuig my dat ons álmal aan God se tafel welkom is, dat God niemand miskyk nie, en dat God soms juis die misgekyktes in ‘n samelewing gebruik om begena-digdes te herinner aan wat hulle misloop as hulle God se genade sou ignoreer. Mag haar waagmoed, haar groot geloof in Christus alleen, my en jou blywend inspireer om met goeie moed in hierdie tyd mens te wees!